

Woensdag 6 September

Skrifgedeelte: Markus 14:22-24; Johannes 6:53-58

Fokusgedeelte: Markus 14:22, 24; HK Sondag 29, Vraag 79

Die nagmaal as teken en seël

In hierdie vraag van die Kategismus word duidelik op die betekenis van die nagmaal as *teken* en *seël* gewys. Daar is 'n mate van oorvleueling of herhaling van wat reeds in Sondag 28 gesê is. Dit is te verstane as ons die erns van die stryd oor die nagmaal tydens die Hervorming in ag neem.

Deur die nagmaal as *teken* wil Christus ons onderrig en iets aan ons verduidelik. Brood en wyn moet dan sinekdogeïes, met ander woorde as verteenwoordigend van alle soorte kos, verstaan word. Soos brood en wyn (gewone kos) my voed sodat ek hier op aarde kan bly lewe en my roeping kan vervul, so voed die gekruisigde liggaam en gestorte bloed van Christus my met die oog op die ewige lewe. So verduidelik Christus die betekenis van brood en wyn by die nagmaal.

Die uiteensetting van Antwoord 79 sluit aan by wat Christus in Johannes 6:55-58 sê. Daar toon Hy aan dat die Israeliete in die woestyn manna (brood) geëet het vir die instandhouding van die aardse lewe. Tog het hulle later gesterwe. Daarteenoor is Jesus die ware brood wat uit die hemel neergedaal het. Wie daarvan eet, het deel aan die ewige lewe.

Deur die werking van die Heilige Gees is die brood en wyn by die nagmaal egter nie net tekens nie, maar ook *seëls*. Daardeur wil die Here ons die sekerheid gee dat so seker as wat ons die brood en die wyn met die liggaamlike mond eet en drink, net so seker het ons deel aan die gebreekte liggaam en gestorte bloed van Christus, met ander woorde aan die versoening van sondes wat Hy aan die kruis vir ons verwerf het. Ons kan hierdie sekerheid hê omdat dit nie van *ons trou* afhanklik is nie, maar deur *Christus se trou* bepaal word. Die beloftes wat Hy maak, sal Hy vervul (Jes. 54:10).

Die Kategismus gebruik in hierdie verband die woord *waarborg* (in die ouer vertaling: *pande*). Soos 'n verloofring en 'n trouing 'n waarborg of pand is van die gewer se trou – om werklik te doen wat hy/sy beloof – so is die brood en die wyn ook waarborg of pande dat ons inderdaad deel het aan die verlossing van sonde deur die lyding en sterwe van Christus.

Paulus sê dat die wyn en die brood die *gemeenskap* met die bloed van Christus is (1 Kor. 10:16). Die woord *gemeenskap* het hier die betekenis van *onlosmaaklik aan mekaar verbonde wees*. Ons is deur die nagmaal in so 'n mate aan Christus se kruisiging en bloedstorting verbonde dat dit vir ons moet voel of ons self vir ons sondes gely en gesterwe het, en ons skuld voor God betaal het.